IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak Nr. : 576/2007

In die saak tussen:-

EMERALD DUNES INVESTMENTS 64 BK Applikant
Registrasienommer : CK 2002/095293/23

en

NALEDI MEULE BK Respondent
Registrasienommer : CK 2003/049390/23

CORAM: VOGES, WND R

AANGEHOOR OP: 17 MEI 2007

UITSPRAAK: VOGES, WND R

GELEWER OP: 7 JUNIE 2007

---

[1] Die applikant (voortaan na verwys as die eiser) doen aansoek om summiere vonnis teen die respondent (hierna na verwys as die verweerder) vir betaling van die bedrag van R2 467 453,78, met rente *a tempore morae* en koste.

[2] Die eiser, Emerald Dunes Investments 64 BK (Registrasienommer CK 2003/049390/23), het gedurende

die tydperk 31 Oktober 2005 tot ongeveer 30 Maart 2006 wit mielies gelewer aan die verweerder, Naledi Meule BK, by laasgenoemde se meule te Hennenman. Die verweerder moes die eiser binne 7 dae na lewering betaal.

[3] Nadat Naledi Meule bepaalde betalings gemaak en sekere krediete in berekening gebring is, is Naledi Meule, aldus die eiser se besonderhede van vordering, R2 467 453,78 aan die eiser verskuldig. ‘n Staat van die verweerder se ope rekening by die eiser is as bewys hiervan ingedien.

[4] In sy bevestigende eedsverklaring voer F Engelbrecht, lid van die eiser, aan dat die verweerder nie oor ‘n *bona fide* verweer teen die eiser se vordering beskik nie en bloot kennis van verdediging gegee het met die doel om die aksie te vertraag.

[5] Dit word verder in die eiser se besonderhede van vordering uiteengesit dat die eiser op 16 Maart 2006 op versoek van Johannes Christiaan van der Walt vervangende fakture ten aansien van die verweerder se verskuldigheid jeens eiser in terme van die verweerder se ope rekening by die eiser aan

‘n entiteit bekend as High Point Trading 816 BK uitgereik en terselfdertyd in ‘n skrywe aan Naledi Meule te kenne gegee dat laasgenoemde se kontrakte en fakture gekanselleer is en dat daar soos op 16 Maart 2006 geen bedrae verskuldig is aan Emerald Dunes Investments nie.

[6] Aldus die eiser was dit

> “’n uitdruklike-, in die alternatief, geïmpliseerde-, in die verdere alternatief, stilswyende term van die voldoening deur eiser aan verweerder se mondelingse versoek … dat gemelde High Point Trading 816 BK, verweerder se skuldlas en/of uitstaande balans soos weerspieël in verweerder se ope rekening op 31 Maart 2006 in die bedrag van R 2 467 453,76 en ten aansien waarvan vervangende fakture uitgereik is, binne dertig (30) dae na die uitreiking van die vervangende fakture deur eiser aan gemelde High Point Trading BK sal vereffen, by versuim waarvan die vervangende fakture aan High Point Trading BK sal verval en/of gekanselleer sal word en verweerder aanspreeklik sal wees vir die onmiddellike vereffening en/of betaling van verweerder se ope rekening by eiser soos op 31 Maart 2006; weens High Point Trading se versuim om verweerder se uitstaande ope rekening in die bedrag van R2 467 453,76 aan die hand van die vervangende fakture uitgereik deur eiser aan gemelde entiteit …

> te vereffen voor/op 1 Mei 2006, is verweerder huidiglik die bedrag van R2 467 453,76 aan eiser verskuldig, welke verweerder weier en/of versuim om te betaal."

[7] Die eiser voer verder aan dat Johannes Christiaan van der Walt op of ongeveer 30 Maart 2006 die verweerder se verskuldigheid jeens die eiser in die bedrag van R2 467 453,78 ten aansien van die verweerder se ope rekening by eiser, skriftelik erken het deurdat 'n skrywe met die volgende inhoud van Van der Walt ontvang is:

> *"I/S: SKULD VAN R2 467 45,78*
>
> *Hiermee versoek Naledi Meule al Emerald Dunes Investments se besonderhede om te reël vir 'n betaling aan Emerald Dunes Investments vir die bedrag van R2 467 453,78."*

[8] Die verweerder het aanvanklik 'n verweer van *lis pendens* geopper op grond daarvan dat die eiser gedurende Augustus 2006 'n aksie aanhangig gemaak het teen die verweerder deur die uitreiking van 'n voorlopige vonnis dagvaarding waarin bedrae daarin vermeld oorvleuel met die bedrae in hierdie saak. Namens die verweerder is egter tydens betoog

toegegee dat hierdie bewering nie korrek is nie, aangesien die genoemde aksie reeds op 1 Maart 2006 teruggetrek is.

[9] Ter opponering van die aansoek om summiere vonnis ontken Johannes Christiaan van der Walt, enigste lid van die verweerder, dat die verweerder die genoemde bedrag aan die eiser verskuldig is en word ook ontken dat die verweerder nie oor ‘n *bona fide* verweer teen eiser beskik nie.

[10] In antwoord op eiser se eis word aangevoer dat alle besigheid tussen die eiser en die verweerder summier gestaak is gedurende Maart 2006 toe ‘n nuwe beslote korporasie, High Point Trading 816 BK gestig is. Die vaste eiendom van die meulenaarsbesigheid het in die verweerder bly setel, terwyl die nuwe beslote korporasie die besigheid bedryf het.

As gevolg hiervan is die skrywe van eiser bekom waarvolgens daar geen skulde meer bestaan tussen eiser en Naledi Meule nie. Enige bedrae wat voorheen deur die verweerder verskuldig was, is op daardie stadium oorgedra

na High Point Trading 816 BK. Verdere transaksies/ooreenkomste is daarna gesluit tussen High Point Trading 816 BK en die eiser.

Die verweerder steun dus daarop dat sy aanspreeklikheid jeens die eiser uitgewis was weens novasie. Novasie beteken "*replacing an existing obligation by a new one, the existing obligation being thereby discharged, but novation is not to be regarded as a form of payment*". Christie, **The Law of Contract**, (4th edition), p. 521.

[11] Van der Walt voer aan dat die verweerder geen regsaanspreeklikheid teenoor die eiser meer het nie a g v die vrywaring deur die eiser gegee en 'n verdere ooreenkoms aangegaan deur High Point Trading 816 BK met die eiser vir die behoorlike terugbetaling van verskuldigde bedrae. In diè verband is bewyse van ooreenkomste aangeheg waarin telkens verwys word na 'n prys per ton "plus ('n bedrag) per ton vir skuld".

[12] Wat koste aanbetref, voer die verweerder aan dat die eiser sedert Maart 2006 bewus was dat die verweerder nie meer

‘n party tot die aankoop van wit mielies was nie en gevolglik vir High Point Trading 816 BK moes aanspreek vir hierdie skuld. Omdat dit nie so gedoen is nie, behoort die eiser aanspreeklik te wees vir die koste van die verweerder.

[13] Op die stukke moet bepaal word of die verweerder ‘n *bona fide* verweer teen die eiser se eis het. Indien daar ‘n redelike moontlikheid bestaan dat die verweer op verhoor kan slaag, moet die eiser se aansoek uiteraard afgewys en aan die verweerder verlof toegestaan word om die aksie te verdedig. Sou alle geopperde verwere egter klaarblyklik onaanvaarbaar wees, kan summiere vonnis toegestaan word.

[14] Die verweerder voer aan dat hy ‘n *bona fide* verweer teen die eiser se eis het op grond daarvan dat:

1. Hy gevrywaar is teen aanspreeklikheid, vanweë die eiser se skriftelike bevestiging dat daar geen skulde meer bestaan tussen hom en die verweerder nie.
2. Eiser nie ‘n gelikwideerde vordering het nie.
3. Daar twyfel bestaan oor wie aanspreeklik is en
4. Vir welke bedrag

Verder word aangevoer dat:

- Alle besigheid tussen die eiser en die verweerder in Maart 2006 gestaak is en dat verweerder gevolglik geen gelde aan die eiser verskuldig is of kan wees nie.
- Verskuldigde bedrae op daardie stadium (Maart 2006) oorgedra is na High Point Trading 816 BK en sou daar voortaan slegs ‘n ooreenkoms tussen die eiser en High Point Trading BK bestaan.
- Naledi Meule BK gedurende Maart 2006 omvorm is tot ‘n maatskappy bekend as Naledi Meule (Edms) Beperk.
- High Point Trading 816 BK ‘n ooreenkoms aangegaan het met die eiser vir die behoorlike terugbetaling van verskuldigde bedrae.

[15] Uit die rekeningstaat waarop die eiser se eis berus, is dit duidelik dat transaksies tot die einde van Maart 2006 verreken is. Nakomende ooreenkomste tussen die eiser en High Point Trading 816 BK vir lewering van mielies aan laasgenoemde vorm nie deel daarvan nie. Geen betalings is ook na 16 Maart 2006 verreken nie.

In **FATTI'S ENGINEERING CO. LTD v VENDICK SPARES LTD** 1962 (1) SA 736 (T) by 738 F word dit gestel:

> "A debt must be liquid in the sense that it is based on a liquid document or is admitted or its money value has been ascertained, or in the sense that it is capable of prompt ascertainment."

Die presiese bedrag wat deur die verweerder verskuldig is, is op grond van bogenoemde staat bepaalbaar en word in die dagvaarding gevorder. Uit die gevolgtrekking in paragraaf 18, infra blyk die bedrag ook erken te wees. Die eiser se eis is gebaseer op 'n gelikwideerde geldsom.

[16] Verweerder beweer dat High Point Trading 816 BK 'n ooreenkoms(te) aangegaan het vir die terugbetaling van "verskuldigde bedrae". Op die stukke kan egter nie bepaal word welke verskuldigde bedrae ter sprake is en of dit hoegenaamd betrekking het op die skuld van Naledi Meule BK nie. Die aanhangsels/ooreenkomste waarop die verweerder steun verwys nie na skuld van Naledi Meule nie en die kontrakte aangegaan op 16 Maart 2006 (JC2 en JC3)

maak geen voorsiening vir betaling van skuld nie. Dit kom eers voor op ooreenkomste aangegaan vanaf 26 Julie 2006 (JC4, JC5, JC6, JC7, JC8, JC9), op welke stadium High Point Trading 816 BK reeds mielies ontvang het en self bedrae aan Emerald Dunes Investments BK verskuldig was.

[17] Alhoewel dit gemene saak is dat die eiser skriftelik, nadat hy deur Van der Walt daartoe versoek is, te kenne gegee het dat Naledi Meule geen bedrae aan Emerald Dunes verskuldig is nie soos op 16 Maart 2006, voer die eiser aan dat hierdie vrywaring (aanhangsel “Emerald”/ “JC1”) verskaf is onderhewig aan die voorwaarde dat High Point Trading 816 BK in terme van die vervangende ooreenkoms die rekening binne 30 dae sal vereffen. By versuim om daaraan te voldoen, sou die vervangende fakture aan High Point Trading 816 BK verval en sal Naledi Meule BK aanspreeklik wees vir die onmiddellike vereffening van die rekening.

Die verweerder handel glad nie in sy opponerende stukke met hierdie bewering van herlewing van die oorspronklike ooreenkoms tussen die eiser en die verweerder nie. Die eiser se bewering staan dus onbetwis en behoort die

volgende beginsel, uiteengesit in **VAN ZYL v NIEMANN** 1964 (4) SA 661 (A) te 669H - 670 toepassing te vind:

> "Dit is duidelik dat 'n skikkingsooreenkoms dieselfde uitwerking het as res judicata, en gevolglik 'n aksie op die oorspronklike skuldoorsaak uitsluit (*Cachalia v Harbere & Co*., 1905 TS 457 op bl 464), behalwe waar die skikkingsooreenkoms uitdruklik of by duidelike implikasie bepaal dat, by nie-nakoming van die bepalings daarvan, 'n party op sy oorspronklike vorderingsreg kan terugval."

[18] Die genoemde skrywe van Van der Walt aan Engelbrecht op 30 Maart 2006 is gedoen op die briefhoof van Naledi Meule, vermeld die BK se registrasie nommer (2003/04930/23) en gee te kenne dat Naledi Meule skuld van R2 467 453.78 aan Emerald Dunes Investments wens te betaal. Dus, 'n onomwonde bevestiging dat die skuld bestaan.

Indien 'n "afbetalingsooreenkoms" aangegaan was, is dit onverklaarbaar waarom 'n skrywe met die strekking soos hierbo (aanhangsel "Erkenning") gerig sou word. Laasgenoemde strook met die eiser se bewering dat betaling

binne ‘n sekere tyd moes geskied en dat die novasie, soos ooreengekom, slegs voorwaardelik was.

Voorwaardelike novasie het tot hiertoe nie byval by die howe gevind nie. Sien *Christie*, a.w. *supra*, p.522. As dit die bedoeling van partye was om een kontrak met ‘n ander te vervang onderhewig daaraan dat ‘n skuldenaar ooreenkomstig ‘n nuwe kontrak betaal, verkies die howe eerder om te sê dat novasie nie plaasgevind het nie.

Sien **GREWAR & HANEKOM (PTY) LTD v ROUX** 1959 (2) SA 182 (CPD).

[19] Ek is nie oortuig dat die verweerder aangetoon het dat ‘n ooreenkoms vir afbetaling van die skuld van Naledi Meule BK aangegaan is nie. Geen bewys dat enige betalings deur High Point Trading 816 BK gemaak is kom voor in die verweerder se opponerende stukke nie. Die bedrae wat terugbetaal sou wees word nie vermeld nie. Die vae bewerings van die verweerder oortuig nie as aanvaarbaar nie.

[20] In teenstelling met die bewering dat Naledi Meule BK gedurende Maart 2006 vervang is met ‘n maatskappy, Naledi Meule (Edms) Bpk, verklaar J C van der Walt op 30 Maart 2007 steeds “Respondent **is** ‘n beslote korporasie…” en soos reeds hierbo gemeld, word die skrywe aan die eiser op 30 Maart 2006 gerig op ‘n briefhoof waarin die beslote korporasie registrasienommer van Naledi Meule vermeld word. Die verweerder self maak dit op daardie stadium duidelik dat Naledi Meule BK verantwoordelik is vir betaling van die bedrag van R2 467 453,78.

Ek is nie oortuig dat die verweerder verkeerdelik deur die eiser aangespreek word nie.

[21] Die geopperde verwere van die verweerder is klaarblyklik onaanvaarbaar. Die verweerder het my nie oortuig dat hy ‘n *bona fide* verweer teen die eiser se eis het nie.

[22] Die volgende bevel word gevolglik gemaak:

1. Die aansoek slaag.
2. Summiere vonnis word verleen.

3. Die verweerder word gelas om bedrag van R2 467 453,78 met rente *a tempore morae* aan die eiser te betaal.
4. Verweerder betaal die koste van die geding.

M. VOGES, WND R

Namens die eiser:	Adv. C. Snyman In opdrag van: Bock-Van-Es-Boshoff BLOEMFONTEIN
Namens die verweerder:	Adv. D.M. Grewar In opdrag van: Azar & Havenga Ingelyf BLOEMFONTEIN

MV/sp